**6.14 DEPARTEMENT MODERNE VREEMDE TALE**
**AFDELING A**
**MODULE-INHOUDE: GRAADPROGRAMME**
**53902 Mandaryns**

*Opmerkings*

1.
Mandaryns is die amptelike taal van China.

2.
**Mandaryns 178** word vir beginners aangebied; **geen voorkennis van Mandaryns word vereis nie**. Die module is bedoel om studente ’n *basiese* interkulturele kommunikasievermoë te gee. Dit poog m.a.w. om studente in staat te stel om hedendaagse Mandaryns in alledaagse situasies te verstaan, te praat, te lees en - in ’n mindere mate - te skryf; en wél met ’n basiese kennis van die hedendaagse leefwêreld in China.

3.
’n Stelsel van deurlopende assessering word in Mandaryns gebruik. Studente word aan die begin van elke module skriftelik ingelig oor die manier waarop die prestasiepunt bereken word, en ontvang in die loop van die module gereelde terugvoering oor hulle vordering.

178(24) *Inleiding tot die Mandarynse Taal en die Chinese Kultuur* (3l, 1t, 1p)
Inleidende taalstudie, insluitende fonetiek
Inleiding tot die kontemporêre Chinese landskunde aan die hand van temas

278(32) *Voortgesette studie van die Mandarynse taal en die Chinese kultuur* (3l, 1p, 1t)
Voortgesette taalstudie
Basiese konsepte en beginsels van Mandaryns as vreemde taal
Vergelykende landskunde aan die hand van temas
Studie van tekste n.a.v. hierdie temas

379(48) *Intermediêre studie van die Mandarynse taal en die Chinese kultuur* (3l, 1p)
Intermediêre taalstudie
Chinese karakters
Vergelykende kontemporêre landskunde aan die hand van temas
Studie van tekste n.a.v. hierdie temas

Uittreksel uit die Jaarboek , Lettere en Wysbegeerte, 2006